

5 Junie

Skrifgedeelte: Numeri 11:31-35

Fokusgedeelte: Numeri 11:31-35

God se Gees bewaar van sonde

Israel se blatante opstand teen God omdat hulle moeg was vir die manna en vleis wou hê, maak God toe kwaad vir die volk. Die Here gee hulle die vleis wat hulle gevra het, maar op so 'n manier dat hulle hulle deur hul gulsigheid aan die vleis van die kwartels te buite gegaan het en 'n klomp van hulle daarvan gesterf het. Aan sommiges het God sy Gees gegee wat hulle van gulsigheid bewaar en laat lewe het, maar van die ander kon aan niks anders as hulle liggaamlike begeertes dink nie. Deur die einste begeertes is hulle toe vernietig.

Die Gees van die Here bewaar 'n mens op 'n wonderbaarlike manier dat jou eie begeertes jou nie van God losskeur en jou vernietig nie. Bid dat die Heilige Gees ook u begeertes mag lei, omdat liggaamlike begeertes (ons eie vlees) een van ons drie doodsvyande is.

Sing: Psalm 51:5

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)